BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

30c — Dinsdag 20 Maart 1990 — WINDHOEK — Tuesday 20 March 1990 — No. 5921

INHOUD:

*Bladsy*

AG. GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

No. AG. 28 Intrekking van verklaring van 'n gebied tot private wildtuin ..... 1

No. AG. 29 Kennisgewing van aansoek om verklaring van 'n gebied tot 'n private wildtuin 2

No. AG. 30 Sluiting van 'n gedeelte van plaaspad 1613 en verlegging vân 'n gedeelte van plaaspad 1613: Distrik Gobabis ...... 3

ALGEMENE KENNISGEWINGS

No. 16 Munisipaliteit Okahandja: Permanente sluiting van 'n gedeelte van 'n straat .. 4

No. 17 Hentiesbaai: Wysiging van die Dorpsbeplannigskema ..... 5

CONTENTS:

*Page*

GOVERNMENT NOTICES

No. AG. 28 Withdrawal of declaration of an area as a private game park ..... 1

No. AG. 29 Notice of Application for declaration of an area as a private game park ...... 2

No. AG. 30 Closing of a portion of farm road 1613 and deviation of a portion of farm road 1613: District of Gobabis ..... 3

GENERAL NOTICES

No. 16 Municipality of Okahandja: Permanent closing of a street ..... 4

No. 17 Henties Bay: Admendment of the Henties Bay Town Planning Scheme...... 5

## A G. Goewermentskennisgewings

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 28 — 1990

### INTREKKING VAN VERKLARING VAN 'N GEBIED TOT PRIVATE WILDTUIN

Ingevolge artikel 22(4)(b) van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975),

## A G. Government Notices

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 28 — 1990

### WITHDRAWAL OF DECLARATION OF AN AREA AS A PRIVATE GAME PARK

In terms of section 22(4)(b) of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975),

word hierby bekend gemaak dat die Administrateur-generaal kragtens artikel 22(4)(a) van genoemde Ordonnansie die verklaring tot 'n private wildtuin van die gebied beskryf in Goewermentskennisgewing 197 van 1987 en waaraan die naam Private Wildtuin Okowakuatjiwi toegeken is, ingetrek het.

it is hereby made known that the Administrator-General has under section 22(4)(a) of the said Ordinance withdrawn the declaration as a private game park of the area described in Government Notice 197 of 1987 and to which the name Okowakuatjiwi Private Game Park was allotted.

---

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG 29 1990

### KENNISGEWING VAN AANSOEK OM VERKLARING VAN 'N GEBIED TOT 'N PRIVATE WILDTUIN

Ingevolge artikel 22 van die Ordonansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975), word hierby bekend gemaak dat die persoon wie se naam in kolom 1 van die Bylae vermeld word en wie die eienaar is van die gebied wat daarteenoor omskryf word in kolom 2 van die Bylae, aansoek gedoen het om die verklaring van genoemde gebied tot 'n private wildtuin.

Iedereen wat beswaar wil aanteken teen die verklaring van die betrokke gebied tot 'n private wildtuin word hiermee versoek om sy besware by die Direkteur van Natuurbewaring, Privaatsak 13306, Windhoek, 9000, in te dien binne 'n tydperk van drie maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

BYLAE

| KOLOM 1 | KOLOM 2 |
|---|---|
| AANSOEKER | GEBIED |
| Engelhardt, H.G. | Plaas George-Ferdinandshöhe 512, groot 12996, 5992 hektaar, geleë in die distrik Otjiwarongo. |

---

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 29 1990

### NOTICE OF APPLICATION FOR DECLARATION OF AN AREA AS A PRIVATE GAME PARK

In terms of section 22 of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), it is hereby made known that the person whose name is mentioned in column 1 of the Schedule and who is the owner of the area defined opposite thereto in column 2 of the Schedule, has applied for the declaration of the said area as a private game park.

Any person who wishes to object to the declaration of the area concerned as private game park is hereby requested to lodge his objections with the Director of Nature Conservation, Private Bag 13306, Windhoek, 9000, within a period of three months from the date of publication of this notice.

SCHEDULE

| COLUMN 1 | COLUMN 2 |
|---|---|
| APPLICANT | AREA |
| Engelhardt, H.G. | Farm George-Ferdinandshöhe 512, measuring 12996, 5992 hectares, situated in the district of Otjiwarongo. |

---

## DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 30 1990

### SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 1613 EN VERLEGGING VAN 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 1613: DISTRIK GOBABIS

Ingevolge artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Administrateur-generaal kragtens artikel 22(1)(c) van genoemde Ordonnansie, in die distrik Gobabis -

(a) die gedeelte van plaaspad 1613 wat in Bylae 1 beskryf en deur die simbole C-D op sketskaart P1393 aangetoon word, gesluit het; en

(b) die gedeelte van plaaspad 1613 wat in paragraaf (a) van Bylae 11 beskryf en deur die simbole A-B-C op sketskaart P1393 aangetoon word, verlê het van die roete aldus beskryf en aangetoon, na die roete wat in paragraaf (b) van Bylae 11 beskryf en deur die simbole A-A1-C1 op sketskaart P1393 aangetoon word.

Genoemde sketskaart is te alle tye gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

### BYLAE I

Van 'n punt (C op sketskaart P1393) op distrikspad 1668 op die plaas Helm 423 algemeen wessuidweswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (D op sketskaart P1393) op distrikspad 1635 op genoemde plaas.

### BYLAE II

(a) Van 'n punt (A op sketskaart P1393) op die plaas Sukses 426 algemeen noord-noordweswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (B op sketskaart P1393) op die gemeenskaplike grens van genoemde plaas en die plaas Helm 423; van daar algemeen wes-noordweswaarts oor laasgenoemde plaas tot op 'n punt (C op sketskaart P1393) op distrikspad 1668 op laasgenoemde plaas.

## DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 30 1990

### CLOSING OF A PORTION OF FARM ROAD 1613 AND DEVIATION OF A PORTION OF FARM ROAD 1613: DISTRICT OF GOBABIS

In terms of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that the Administrator-General has under section 22(1)(c) of the said Ordinance, in the district of Gobabis -

(a) closed the portion of farm road 1613 described in Schedule I and shown on sketch-map P1393 by the symbols C-D; and

(b) deviated the portion of farm road 1613 described in paragraph (a) of Schedule II and shown on sketch-map P1393 by the symbols A-B-C, from the route so described and shown, to the route described in paragraph (b) of Schedule II and shown on sketch-map P1393 by the symbols A-A1-C1.

The said sketch-map shall at all times lie open to inspection at the office of the Secretary for Transport, Windhoek, during normal office hours.

### SCHEDULE I

From a point (C on sketch-map P 1393) on district road 1668 on the farm Helm 423 generally west-south-westwards across the said farm to a point (D on sketch-map P1393) on district road 1635 on the said farm.

### SCHEDULE II

(a) From a point (A on sketch-map P1393) on the farm Sukses 426 generally north-north-westwards across the said farm to a point (B on sketch-map P1393) on the common boundary of the said farm and the farm Helm 423; thence generally west-north-westwards across the last-mentioned farm to a point (C on sketch-map P1393) on district road 1668 on the last-mentioned farm.

(b) Van 'n punt (A op sketskaart P 1393) op die plaas Sukses 426 algemeen weswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (Al op sketskaart P1393) op die gemeenskaplike grens van genoemde plaas en die plaas Helm 423; van daar algemeen weswaarts oor laasgenoemde plaas tot op 'n punt (Cl op sketskaart P1393) op distrikspad 1668 op laasgenoemde plaas.

(b) From a point (A on sketch-map P1393) on the farm Sukses 426 generally westwards across the said farm to a point (Al on sketch-map P1393) on the common boundary of the said farm and the farm Helm 423; thence generally westwards across the last-mentioned farm to a point (Cl on sketch-map P1393) on district road 1668 on the last-mentioned farm.

## Algemene Kennisgewings

## General Notices

No. 16 1990

MUNISIPALITEIT VAN OKAHANDJA

Permanente sluiting van 'n gedeelte van 'n straat

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 183 (i) b (ii) van die Munisipale Ordonnansie van 1963 (Ord. 13 van 1963 soos gewysig) dat die Munisipaliteit van Okahandja van voornemens is om 'n gedeelte van straat soos aangedui op liggingsplan 263 391 XI en plan 263 391 X2 wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk van Okahandja ter insae lê, permanent vir deurverkeer sluit.

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge Art 183 (3) van bogenoemde Ordonnansie binne dertig (30) dae na die verskyning van die Advertensie aan die Stadsklerk van Okahandja gestel word.

Stadsklerk
OKAHANDJA

No. 16 1990

MUNICIPALITY OF OKAHANDJA

Permanent closure of a portion of a street

Notice is hereby given in terms of section 183 (i) b (ii) of the Municipal Ordinance of 1963 (Ord. 13 of 1963 as amended) that the Municipality of Okahandja intends to close permanently for traffic a portion fo street as shown on locality plan 263 391 XI and plan 263 391 X2. These plans are open for inspection in the office of the Town Clerk, Okahandja during office hours.

Objections against the proposed closure must, according to Article 183 (3) of above mentioned Ordinance be delivered to the Town Clerk of Okahandja within thirty (30) days after the appearance of this notice.

Town Clerk
OKAHANDJA

No. 17 1990

HENTIESBAAI

WYSIGING VAN DIE DORPSBEPLANNINGSKEMA.

Kennis geskied hiermee kragtens Artikel 14 van die Dorpsbeplannings Ordonnansie van 1954 (Ord 18 van 1954 soos gewysig) dat die Administrateur-Generaal die voorneme van die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling om die Hentiesbaai Wysigingskema Nr. 2 te ontwerp, goedgekeur het.

Die wysigings behels die volgende:

a. Hersonering en resevering van grond
b. Wysiging van skemabepalings

Eksemplare van die kaarte wat die skema grense aantoon lê ter insae gedurende kantoor ure in die kantore van die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling op Hentiesbaai asook by die kantore in die Swawek Sentrum, Windhoek.

No. 17 1990

HENTIES BAY

AMENDMENT OF THE HENTIES BAY TOWN PLANNING SCHEME.

Notice is hereby given in terms of Section 17 of the Town Planning Ordinance of 1954 (Ord 18 of 1954 as amended) that the Administrator-General approved the intention of Peri-Urban Development Board to design the Henties Bay Amendment Scheme No. 2

The amendments are as follows:

a. Rezoning and reservation of land
b. Amendment of scheme provisions

Copies of the map showing the boundaries of the scheme are lying for inspection during office hours at the offices of the Peri-Urban Development Board at Henties Bay and at the offices at the Swawek Centre, Windhoek

Gedruk deur
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.
Verkrygbaar by
STAR BINDERS & PRINTERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed by
JOHN MEINERT (PTY) LTD.
Obtainable from
STAR BINDERS & PRINTERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa